

Netheid en styl by uitnemendheid. Só het Chris vir drie jaar agtereenvolgens met Toekenie en Nandi die nasionale dubbeltuigkampioenskap op Beaufort-Wes ingepalm – **Foto: Fotojan**

Hackneyskoue kan nóg verbeter

deur **Hennie Basson**

In die sestigerjare, toe volwaardige Hackneyskoue vir die eerste keer in die land in status begin toeneem het, het twee legendariese jintelman-vertoners, die broers Brown van Sandton, hul mededeelnemers se wenkbroue laat lig met stylvolle vertonings met hierdie perde uit die wieg van Moeder Engeland.

Die tradisies van oorkant die see wou hul ook hier op die skoubaan laat voortleef. Soms selfs met ‘n deftige “bowler” as hoofbedekking.

Dit is allermins wat Chris Bredenkamp van Butfontein op ons plaaslike Hackneyskoue wil sien. Hy het inderwaarheid ‘n broertjie dood aan die verstoktheid waarin die Engelse skoue verval het weens hul oorbeklemtoning van tradisies.

Hierdie nuwe ondervoorsitter van die telersgenootskap vir dié ras glo in Suid-Afrika het ons ons eie manier van skou hou. Nogtans is daar sekerlik ‘n ietsie van dit wat die Browns ons geleer het wat ons wel hier in ‘n groter mate kan toepas. Dit is netheid, skoumanskap by uitnemendheid en bowenal die streng handhawing van die bestaande skoureëls. “In dié opsig kan hierdie ras, asook al die ander rasse, in werklikheid ‘n blaadjie uit die skouboek van die Saalperdmense gaan haal,“ is sy raad aan plaaslike skouvertoners.

“Ons Hackneyskoue is jaarliks besig om te verbeter, mededinging word al hoe sterker en selfs oorsese besoekers word nou al na ons nasionale kampioenskappe gelok. ‘n Ongekende bloeitydperk wag dus op dié ras in ons midde. Waarom dan nie ons skoue tot nog ‘n groter mate van uitnemendheid verhef nie,” vra hy.

Chris glo op Hackneyskoue word reëls nie konsekwent toegepas nie en vertoners moet ook meer aandag gee aan die fyner kunsies van vertoon, soos die gebruik van netjieser stange en trense – om maar net een voorbeeld te noem.

Hy wil geensins van die Hackney ‘n Saalperd maak nie, maar glo tog dat die Saalperdras in ons land altyd alleen aan die voorpunt sal bly indien

ander rasse nie ook by hierdie mense gaan kers opsteek nie. In Arabierperd- en Hackneyponiegeledere is dit darem reeds aan die gebeur.

"Wanneer Saalperdbeoordelaars deur die Hackneygenootskap gebruik word om op van ons skoue te beoordeel, is hul soms verstom oor hoe verwarrend die toepassing van skoureëls by ons ras in werklikheid is. Daar is selfs onsekerheid oor iets elementêrs soos wat hulle te doen staan as 'n perd se hoefyster getrap word."

"Dit is egter nie nodig om die spreekwoordelike wiel te herontdek om Hackneyskoue meer te orden nie. In Cecily Norden se boek met skoureëls, *Showing Horses in South Africa,* wat reeds in 1971 geskryf is, word die reëls vir Saalperde, Boerperde en ook Hackneys tog duidelik uiteengesit.

"Ons Saalperdmense pas hierdie reëls nou al vir jare lank net so toe en hul skoue word as van die beste ter wêreld beskou. Ook ons beoordelaars en selfs vertoners behoort strenger kursusse te volg, soos in die Saalperdbedryf. By hulle moet selfs die skou-aankondiger van 'n streekskou eers 'n eksamen voltooi voordat hy vir dié doel as geskik beskou word."

Ondanks al die kritiek wat hy oor die toepassing van skoureëls uitspreek, meen hy die telersgenootskap is gelukkig om oor 'n voorsitter van die kaliber van Danie Alberts te beskik. Sy entoesiasme vir die bedryf dra grootliks by tot die sukses oor die afgelope dekade of meer met dié ras in die land.

Chris, wat op die plaas Utrecht boer, het ondervinding van die teel en vertoon van verskeie rasse en is self 'n bedrewe beoordelaar. In een jaar het hy die voorreg gehad om op vier verskillende nasionale kampioenskappe te beoordeel, naamlik vir Saalperde in Bloemfontein, Hackneyponies en Friesperde op Tulbagh en Hackneys op Beaufort-Wes.

Sedert hy in 1967 sy eerste geregistreerde Hackneys by die alombekende Oom Lodie Wessels, destyds van Hertzogville gekoop het, het hy afwisselend oor ook Hackneyponies, Saalperde en Friesperde beskik. Hy het selfs 'n kortstondige toetrede tot die renperdbedryf gemaak!

Sy eerste twee Hackneymerries was Majel's Monica en Majel's Nellie wat dragtig was van die ingevoerde Marden Golden Hero wat later deur Henry van der Westhuizen van Durbanville by oom Lodie gekoop is.

Oom Lodie, wat onlangs op 84-jarige ouderdom oorlede is, was die baanbreker met die Hackneyponieras in ons land en hy en sy eggenote, Tannie Gertruida, was vir Chris altyd 'n inspirasie. "Sy moes al die harde werk op die skoue verrig, maar die Oom was 'n perdekenner soos min wat die regte perde op die regte tyd die land ingebring het. Toe die Wesselse in 1961 die eerste ponie van hierdie ras ingevoer het, het dié stap opspraak verwek en dertien jaar later het dié gogga ook my begin byt."

In 1974 is hy saam met Oom Lodie na Engeland en het hyself die hings Brookfield Nickey en die merries Brookfield Little Beauty en Valcon Telstarr ingevoer. Laasgenoemde was dragtig met Misty Melanie, 'n merrievul wat later baie nasionale kampioenskappe verower het.

Chris vertel dat dit Oom Lodie se ideaal was dat die ponies hier, soos in die Verenigde State,

Drie geslagte op Utrecht – en in almal se are is daar skouperdbloed! Van links voor is Chris, klein Christiaan, en Alta en haar kleindogter met dieselfde naam. Agter is Eugene Geyer en sy eggenote, die Bredenkamps se dogter Lolla